Sondag **16 Januarie**

Skrifgedeelte: Johannes 16:5-14
Fokusgedeelte: Johannes 16:13

’n Betroubare Helper om ons in die waarheid te lei

Jesus was slegs vir ’n kort tydjie as Mens op aarde en sy dissipels was bedroef omdat Hy hulle gaan verlaat, soos ons hoor in Johannes 16:8. Tog was dit nie Godverlatenheid nie, want Jesus het die Heilige Gees as voorspraak in sy plek gestuur met ’n baie spesifieke doel.

Die Heilige Gees het gekom om gelowiges in die waarheid te lei. Hierdie waarheid is deur die inspirasie van die Heilige Gees deur sy knegte (die profete en die apostels) op skrif gestel, naamlik die Bybel wat ons vandag het soos wat ons in Artikel 3 van die NGB bely. Gelowiges weet dat die Bybel God se Woord is, omdat die Heilige Gees in hulle hart getuig dat dit die Woord van God is, soos ons in Artikel 5 van die NGB bely.

Jesus se belofte om die Heilige Gees as Voorspraak in sy plek te stuur, hou geweldige troos in, want die Heilige Gees intensiveer die boodskap van Jesus dat God ons só oneindig liefhet dat Hy sy Seun gestuur het sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê (vgl. Joh. 3:16-18).

Glo jy in Jesus as jou enigste Verlosser en Saligmaker? Indien jy ja sê, wees dan verseker dat God jou liefhet en dat sy beloftes wat jy in die Bybel vind waar is. Skryf sy beloftes neer soos wat jy dit vind wanneer jy met God se Woord besig is deur persoonlike Bybelstudie, gesamentlike Bybelstudie met medegelowiges en wat jy hoor in Woordverkondiging, en weet dat jy ’n betroubare Helper het om jou in die waarheid te lei. Bid dat die Gees jou sal lei wanneer jy besig is met God se Woord.

Sing Psalm 34-1:1, 5

Ds. JG van der Walt (George) (Empangeni)